

#HoeNou?! – Episode 4: Seisoen

Die woorde “herfs” en “lente”.

Waar kom die name “herfs” en “lente” vandaan? En wat het seisoenname met die kerk en wyn te make?

Het jy geweet?

Herfs:

- Die Afrikaanse woord “herfs” en die Engelse woord “harvest” het dieselfde oorsprong.
- In Middelnederlands is dit “herfst” (uit Oudnederlands “hervist”), uit die Protogermaanse “harbistaz” wat verband hou met die Proto-Indo-Europese “kerp-“ (‘om te pluk’) en wat verband hou met “(s)ker-“, naamlik ‘om te sny’.
 - **Wat het herfs met ‘sny’ te make?** In Duits is dit “herbst” of “harvst”, in Wes-Fries is dit “hjerst” en in Engels “harvest”.

Autumn:

- Die Engelse woord “autumn” het sy oorsprong uit die Middelenengelse woord “autumpne” en die Oudfranse woord “automne” – uit Latyn “autumnus” - wat moontlik verband hou met die Proto-Indo-Europese woord “h₃ewǵ-“ wat ‘koud’ beteken.
- In Latyn beteken “carpere” - ‘om te pluk’, in Grieks is dit “karpós” wat ‘vrugte of oes’ beteken (oorspronklik: ‘oestyd’).

Lente:

- Die woord “lente” kom uit die Middelnederlandse “lenten” wat teruggaan op die Protogermaanse samestelling “langa-tina” wat letterlik ‘lang dae’ beteken, m.a.w. daardie tydperk waarin die dae langer word.

Spring:

- Die Engelse woord “Spring” hou verband met die werkwoord “spring” (Afrikaans en Engels) wat beteken om ‘vorentoe oop te bars, of te ontplof’.
- In Oudengels was dit “springan”, in Protogermaans “springang” (‘om uit te bars’) en dit hou weer verband met die Proto-Indo-Europese “sperǵh-“.
 - **’n Interessante feit:** In die 1300’s het die woord “springan” die woord “lencten” wat ‘lente’ beteken het, verdring.

Hoekom verdring die een woord die ander?

Want in daardie tyd het “lencten” ’n gespesialiseerde, religieuse betekenis begin kry.

- Rooms-Katolieke Kerk: Eng. *Lent* / Afr. *Vastyd* = 46 dae voor Paasfees (= 40 dae, sonder Sondag).

Ook interessant ...

- **Alle tale in ons taalfamilie (Germaans, maar ook Indo-Europees) het die woorde “somer” en “winter” gemeen.** Twee van die oudste woorde wat steeds hulle oorspronklike betekenis behou het, is:
 - **winter** (Afrikaans, Engels, Nederlands, Wes-Fries, Duits); Skandinawies: “vinter”; Yslands: “vetur”; Frans: “hiver”; Spaans: “invierno”; Tsjeggies (en verwante tale): “zima”.
 - Oudnederlands “winter”, uit Protogermaans “wintruz”.
 - **somer** (Afrikaans, Engels, Nederlands, Wes-Fries, Duits).
 - Middelnederlands “somer”, uit Oudnederlands “sumar”, uit Protogermaans “sumaraz”, uit Pregermaans “s^mm-oro-“, uit Proto-Indo-Europees “s^m-h₂-ó-“, die “oblique” van “s(e)m-eh₂- (‘somer; jaar’).
- **Maar vir herfs en lente bestaan daar groot variasie:**
 - **herfs** (slegs Wes-Germaans):
 - Engels: “autumn”; Fries: “maitijd”; Noord-Fries “wos”, “uurs”; Skandinawies: “vår”; Latyn: “ver”.